Ontmoet vir..

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Judas

## Matteus 26:47-49

*Dit was ander aan die begin. Hy het my geroep en ek het Hom gevolg omdat ek oortuig was dat ons die wêreld sou wen. Dinge het egter anders uitgedraai as wat ek verwag het. Wanneer ek nou terugkyk, besef ek dat ek my verbind het tot 'n kontrak waarvan ek nie die fynskrif gelees het nie. Ek was oortuig dat die weg agter Jesus aan na glorie en oorwinning sou lei.*

*Die gedagte aan 'n God wat sou sterf aan 'n kruis het my nie aangestaan nie. Vanaand het ek Jesus aan die priesterhoofde uitgelewer. More sal Hy waarskynlik net gegesel word. Hopelik kan die hoëpriester Hom tot sy sinne bring.*

*Die geld wat ek vir hierdie opdrag ontvang het, kom my toe. Iemand moet die vuilwerk doen. Anders sal ons almal waarskynlik voor die einde van die week aan 'n kruis sterf...*

*Bid saam as gesin.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Deel wat hierdie verhaal al vir jou beteken het.*

*Wat kan jy vandag in hierdie verhaal leer oor God se karakter? Deel met mekaar.*

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Ontmoet vir...

# Judas

*Wie was Judas se pa?*

*Toe Maria Jesus gesalf het, waarom het Judas gesê: 'Waarom is hierdie salf nie vir driehonderd pennings verkoop en aan die armes gegee nie?'*

*Hoeveel is Judas Iskariot gegee om Jesus te verraai?*

*Wat het Jesus aan Judas gegee as teken dat hy Hom sou verraai?*

*Hoe het Judas Jesus verraai?*

*Waar het Judas Jesus verraai?*

*Hoe is Judas, die verraaier, dood?*

*Wat was die naam van die veld wat gekoop is met die verraadgeld wat Judas teruggegee het?*

*Watse twee mans is na Jesus se hemelvaart voorgestel om Judas te vervang?*

*Watter een is uiteindelik deur die ander elf gekies om Judas te vervang?*